

Filippense 4:10-20 as 'n gekwalifiseerde danksegging

ABSTRACT

Philippians 4:10-20 as a qualified word of thanks

This article is based on the assumption that Phil 4:10-20 is part of one single letter and placed at the end for rhetorical purposes. A remaining problem, however, is the reluctant way in which Paul expresses his thanks. Why does he first tell the Philippians that he does not need their gifts (in 4:11-13 and 4:17), before acknowledging receipt thereof (4:18)? Is there evidence of a strained relationship between Paul and his audience? And is 4:10-20 an expression of thanks after all, or rather a rebuke?

After discussing a few solutions offered, attention is paid to the proposal of Gordon Fee, who argues that questions like these overlook the basic oral (and thus aural) culture of the time and the sociological framework of “friendship” in which the letter was written. The aim of this article is to offer an alternative to Fee’s proposal by describing the rhetorical function of techniques like *correctio* and *climax*, as they relate to the rhetorical situation of the letter. These techniques emphasise that everything the Philippians do (including their monetary support) should *only* be for the sake of the gospel, that is, part of their living and proclaiming the gospel. For that, the apostle is truly grateful.

1. INLEIDING

Sedert die begin van die negentiende eeu word die integriteit van die Brief aan die Filippense bevraagteken, hoofsaaklik op grond van verskeie “onlogiese” oorgange in die brief. Die probleem is reeds aangespreek in die werke van Hendriksen (1962:36-37), Hawthorne (1983:12-15), Silva (1988:14-16), Reed (1997:125-152), Osiek (2000:16-21), Thurston & Ryan (2005:30-34) en andere, wat saamstem dat daar nie voldoende rede bestaan om die integriteit van die brief te betwyfel nie. Vir elke argument ten gunste van ’n drie briewe hipotese (soos voorgestaan deur die redaksie kritiek) kan ’n teenargument aangevoer word wat die eenheid van die brief steun. Gevolglik word Fil 4:10-20 vir die doel van die artikel as die slotgedeelte van een enkele brief beskou.

Hiermee is al die probleme in die gedeelte egter nie opgelos nie. Een daarvan is hoekom die danksegging in Fil 4:10-20 aan die einde geplaas is en nie duidelik gemerk is met die werkwoord “ek dank” nie. Hawthorne (1983:194) – op voetspoor van Lightfoot (1970:163) – is van oordeel dat die inleidende “maar” (*de*) in 4:10 suggereer dat die gedeelte bygevoeg is as ’n nagedagte, asof die apostel wil sê: “I must not forget to thank you for the gift”. Fee (1995:423), aan die ander kant, reken dat Paulus die danksegging doelbewus aan die einde geplaas het om dit te beklemtoon: “When read aloud in the gathered community, these will be the final words that are left ringing in their ears ... This is rhetoric at its best”. Dit is bekend dat die begin en einde van sinne, paragrawe en briewe beklemtoonde posisies is, wat Paulus gewoonlik effektief benut as deel van sy

oorredingstrategie (Tolmie 2005:47). Gevolglik word Fee se standpunt onderskryf en is die plasing van die gedeelte (vanuit retoriese perspektief) onproblematies.

Vrae waaroor daar groter verskil van mening bestaan handel oor die strekking van die dankwoord. Kan dit eg wees as dit so huiwerig uitgespreek word? Waarom skryf Paulus twee keer (4:11-13 en 4:17) dat hy nie hulle hulp nodig het nie, voordat hy ontvangs van hulle gawe erken (4:18)? En is 4:10-20 in elk geval 'n danksegging, of is dit eerder 'n teregwysing?

Die doel van die artikel is om 'n antwoord op hierdie vrae te probeer vind, en wel vanuit 'n teksgebaseerde retoriese perspektief. 'n Resente voorstel vir so 'n benadering is te vind in Francois Tolmie se proefskrif *Persuading the Galatians* (2005) en is as metodologiese vertrekpunt geneem. Aangesien die volledige analise van Fil 4:10-23 op basis van Tolmie se voorgestelde metode in *Acta Theologica* se volgende uitgawe gaan verskyn (Snyman 2007), word dit nie hier herhaal nie. Die doel van hierdie artikel is slegs om die vreemde strekking van die danksegging vanuit 'n retoriese perspektief te probeer verklaar op basis van insigte, wat uit die volledige retoriese analise van die gedeelte bekom is.

In hierdie artikel is die argument dat die vreemde strekking van die danksegging nie die egtheid daarvan onder verdenking hoef te bring nie. Die strekking kan toegeskryf word aan die gebruik van sekere retoriese tegnieke, waardeur Paulus wil beklemtoon dat *alles* wat die Filippense doen (insluitend hulle materiële steun) *slegs* in belang van die Evangelie moet wees. Dit is die een ding waarom dit vir hulle almal moet gaan: om die evangelie waardig te lewe deur saam te stry daarvoor. In wat volg word die gemotiveerde voorstel voorafgegaan deur enkele ander oplossings wat aan die hand gedoen is en 'n kort bespreking van die retoriese situasie van die brief. Aan die einde word die studie kortliks saamgevat.

2. OPLOSSINGS VOORGESTEL

Kommentatore is dit eens dat die strekking van die dankwoord in 4:10-20 ongewoon is in Paulus se briewe, hoofsaaklik op grond van die feit dat die werkwoord “ek dank” nie daarin voorkom nie en dit twee keer onderbreek word met “Nie dat” (in verse 11 en 17). Pogings om die ongewone struktuur te verklaar is o.a. die volgende:

○ Greijdanus (1962:228-229) skryf dit daaraan toe dat Paulus die Filippense wil laat besef hulle het niks meer as hulle plig gedoen toe hulle hulle bydraes gestuur het nie en dat hy heeltemal onafhanklik is van wat mense hom gee. Hy weet dat hulle dit nie eerder kon stuur nie en dat hulle bydraes die van ander gemeentes ver oortref (verse 15 en 16). Ten einde egter te voorkom dat hulle hulleself verhef, of in die waan verkeer dat hulle hom iets skuld, skryf hy in vers 17 dat hy hom oor hulle gawes verbly ter wille van hulle self, omdat daaruit blyk dat hulle geloof vrug dra. Dit gaan nie om hom nie, maar om die welstand van hulle geloof. Die apostel is dus dankbaar teenoor die Filippense, maar hulle moet besef dat hulle slegs hulle plig gedoen het – en dit ietwat laat!; dat hulle niks aan hom verskuldig is nie; en dat hulle nie hulleself moet verhef nie, omdat hy bly is oor die groei van hulle geloof, nie oor hulle gawes nie. Vir Greijdanus bevat die gedeelte 'n danksegging, maar ook 'n duidelike ondertoon van teregwysing. Die rede vir lg. word nie verskaf nie.

○ Hawthorne (1983:194-195) reken daar was iets in verband met die geskenk van die Filippense wat Paulus ontstel het. Dit was die feit dat hy self gekant was daarteen om geskenke van gemeentes te ontvang, sodat sy opponente hom nie van hebsug kon beskuldig nie en hy die regte voorbeeld kon stel deur die Evangelie gratis te verkondig. Dit blyk uit Paulus se ander briewe (1 Kor 4:8-13; 1 Kor 8:1-18; 1 Tess 2:5-12; 2 Tess 3:7-12, ens.). Aan die ander kant was hy bly oor die bydraes van die Filippense. Volgens

Hawthorne verklaar dit die heen-en-weer-beweging tussen die apostel se waardering aan die een kant (4:10, 14-16 en 18-20) en die aandrang op sy onafhanklikheid en selfgenoegsaamheid aan die ander kant (4:11-13, 17). Hy is dankbaar, maar tegelyk is dit vir hom van die grootste belang dat sy persoonlike onafhanklikheid op geen manier in die gedrang kom nie.

○ Op grond van die besigheidsterminologie “rekening van my uitgawe en inkomste” (vers 15), “oortrukkend word op julle rekening” (vers 17) en “ek erken ontvangs” (vers 18) reken Samply (1980) dat Paulus in sy kommunikasie met die Filippense die taal van ’n Romeinse kontraktuele ooreenkoms gebruik, waarvolgens twee of meer vennote wettig gebind word om bronne te deel met die oog op die bereiking van ’n gemeenskaplike doel. Die voorstel is verder gevoer deur Capper (1993), wat die brief verstaan teen die agtergrond van ’n geskil tussen Paulus en die Filippense oor ’n transaksie wat skeef geloop het: Paulus het in die tronk beland en het dus nie sy deel van die ooreenkoms nagekom nie. Gevolglik het die Filippense hom nie dadelik betaal nie. Die huidige brief is ’n opvolg nadat hulle uiteindelik betaal het, en daarin verduidelik Paulus dat hulle sy gevangenskap verkeerd verstaan het. In 4:10-20 sê hy dan beswaarlik dankie vir iets wat hy reken hom in elk geval toegekom het. Die ongewone strekking van die gedeelte is dus – volgens Capper – toe te skryf aan ’n geskil tussen Paulus en sy lesers.

○ Osiek (2000:118-120) lewer veral kommentaar op 4:10-14, wat volgens haar waardevolle inligting oor die kommunikasie tussen Paulus en die Filippense bevat – as ons net weet om dit reg te dekodeer. Die “enigmatic statement” in vers 10 kan die indruk wek dat die onenigheid in Filippi soveel chaos veroorsaak het dat die gemeente vir ’n tyd lank van Paulus vergeet het, of dat die onenigheid die gevolg was van ’n twis oor die vraag of hulle Paulus hoegenaamd moet ondersteun of nie. Dit laat die indruk dat – in teenstelling met Paulus se toegeneentheid teenoor die Filippense in die res van die brief – alles tog nie wel was tussen die twee partye nie. Verse 10-14 kan ook sinspeel op ’n verstaanbare gevoel van verwerping by ’n gevangene met ’n onseker toekoms, ’n gevoel dat die hele wêreld hom vergeet het.

○ Fee (1995:422-426) is van mening dat die strekking van 4:10-20 toegeskryf kan word aan die primêre mondelinge kultuur waarin die brief oorgedra is, en dat die vroeë geveerde sosiologiese raamwerk van *riendskap*, waarin die brief geskryf is, ignoreer. Die volledigste beskrywing van Filippense as ’n brief van *riendskap* word gevind in die werk van White (1990) en is dus nie nuut nie. Fee gebruik dit nou as basis om die vreemde strekking van die dankwoord te verklaar. Die probleem is – volgens hom – die twee “Nie dat” kwalifikasies, wat die danksegging onderbreek en in die hedendaagse sosiologie presies die teenoorgestelde uitwerking het as wat Paulus oorspronklik bedoel het. Die twee kwalifikasies moet egter verstaan word as die Christelike uitdrukking van ’n eerste eeuse konvensie. Deur die kwalifikasies ontken Paulus dat hulle *riendskap* gebaseer is op nuttigheid – die laagste vorm van *riendskap* denkbaar. Hy is nie bly oor hulle geskenke as sodanig nie, maar oor die groter realiteit wat dit verteenwoordig: die tasbare en hernude bewys van hulle lang verbintenisse. En deur hulle *riendskap* op die wyse te vernuwe, word hulle langtermyn deelname aan die werk van die evangelie ook verseker.

Dit is moeilik om bogenoemde oplossings – wat maklik vermeerder kan word – te evalueer, omdat hulle vanuit verskillende gesigshoeke voorgestel is en heelwat spekulasie bevat. Greijdanus se negatiewe oplossing is te betwyfel, omdat dit indruis teen die besondere verhouding en samewerking tussen Paulus en die Filippense, en veral omdat hoogmoed nêrens elders in die brief ’n probleem is nie. Hawthorne se voorstel steun te veel op inligting uit ander briewe van Paulus,

terwyl Samply en Capper se oplossing van 'n kontraktuele ooreenkoms wat skeef geloop en tot 'n geskil gelei het, indruis teen die toon van die hele brief en as buite-tekstuele verklaringsmodel aangewend word. Verder aanvaar O'Brien (1991:534), Fee (1995:436-437 en Osiek (2000:122) dat Paulus die finansiële terme in 4:15, 17 en 18 metafories gebruik om sosiaal (binne 'n konteks van vriendskap) te kommunikeer. Osiek se voorstel oor verdeeldheid in Filippi is ook vreemd aan die toon van die brief, terwyl haar mening dat 4:10-14 Paulus se gevoel van verwerping weerspieël, bots met die "beskermheer / kliënt" of "vader / kind" karaktertrekke in die brief.

Die voorstel in hierdie artikel bied 'n alternatief op Fee (1995:423-425) deur groter erns te maak met die gang van die argument, en wel soos dit verband hou met die retoriese situasie van die brief. Fee gee aandag hieraan, maar sy oplossing dat Paulus die danksegging so gestruktureer het om hulle vriendskap te hernu en hulle voortgesette deelname aan die evangelie te verseker, berus ook op 'n buite-tekstuele verklaringsmodel, wat beslis sy moontlikhede het (sien 4 hieronder), maar ook sy beperkinge. Kittredge (1996:132) en Osiek (2000:24) wys bv. daarop dat die vriendskapsmodel nie ruimte laat vir Paulus se oproepe tot gehoorsaamheid nie, en Osiek dat daar nie bewyse gevind is van vriendskappe tussen een persoon en 'n groep mense nie, slegs tussen individue. Fee se bydrae lê egter daarin dat hy duidelik gewys het op die sentrale funksie van die "Nie dat" gedeeltes om die vreemde strekking van die danksegging te probeer verklaar.

In die res van die artikel word die retoriese situasie wat aanleiding tot die brief gegee het, geskets, en enkele retoriese tegnieke in die lig daarvan bespreek ten einde tot 'n alternatiewe en meer teksgebaseerde oplossing van die probleem te kom.

3. RETORIESE SITUASIE

Die alternatiewe oplossing wat hieronder voorgestel word hang saam met die retoriese situasie van die brief. In die verband kan twee denkrigtings onderskei word:

3.1 Volgens kommentatore soos Hendriksen (1962:9-20), Matter (1976:11) en Müller (1976:13-14) was die gawe wat Epaphroditus gebring het die aanleiding tot die brief. Die gawe was 'n bewys van die besondere verhouding tussen Paulus en die Filippense, en Marshall (1987:35-69), White (1990:210-215), Stowers (1991:105-121) en Brown (1997:486) beskou die instandhouding van die vriendskap as die belangrikste motivering vir die brief.

3.2 Silva (1988:21) en O'Brien (1991:36-38) reken dat verskeie probleme in Filippi vir Paulus genoep het om die brief te skryf. Die probleme sluit in teenstand teen die evangelie en 'n gebrek aan Christelike blydschap. Die gelowiges in Filippi was onderling verdeeld en baie van hulle het hulle vertroue in die Christelike evangelie begin verloor. Gevolglik reageer Paulus deur hulle te bemoedig en (waar nodig) te oorreed om vas te staan en te volhard. (Vir 'n bespreking van die standpunt, sien Silva 1988:1-10).

Dat die brief sterk ondertone van vriendskap het is duidelik van die eerste tot die laaste hoofstuk. Die persoonlike manier waarop Paulus sy lesers aanspreek as "my broers" (1:12; 3:1,13,17; 4:18) en "my geliefdes" (2:12), sowel as die talle ooreenkomste met vriendskapsbriewe uit die Griekse en Romeinse wêreld steun die denkrigting. Na my mening is die voorstel van Silva en O'Brien egter meer oortuigend, omdat dit verskeie aspekte van die gemeentelike lewe in Filippi verrek. Die brief moet gesien word as 'n respons op nie net een nie, maar verskeie probleme wat die Filippense in die gesig gestaar het – insluitend die dreigemente van die opponente, 'n gebrek aan Christelike blydschap, interne onrus en verdeeldheid. Selfs al word hierdie konstruksie nie aanvaar nie, bly die breë prentjie dieselfde: die brief word oorheers deur Paulus se poging om sy mede-Christene – met wie hy 'n diep persoonlike verhouding gehad het – te oorreed en / of aan te

moedig om te volhard in die uitlewing en verkondiging van die Evangelie te midde van hulle probleme. In 1:27 stel die apostel dit onomwonde dat die “een ding” wat vir hom saak maak is dat die Filippense hulle moet gedra op ’n wyse wat die evangelie waardig is deur saam te stry vir die geloof daarvan. Hierdie fokus op die “saam staan” en “saam stry” vir die evangelie alleen, word ook gevind in die analyses van gedeeltes soos 1:1-11; 1:27-2:18; 2:19-30 en 4:1-9.

4. RETORIESE PERSPEKTIEWE OP 4:10-20

Die struktuur van die gedeelte, wat retories oorheers word deur die tegnieke *correctio* en *klimaks*, kan soos volg opgesom word:

4:10 Danksegging.

4:11-13 Kwalifikasie met “Nie dat” en klimaks in 4:13.

4:14-16 Danksegging.

4:17 Kwalifikasie met “Nie dat” en klimaks in 4:17b.

4:18a Erkennung van ontvangs / danksegging.

4:18b-19 God se respons.

4:20 Doksologie.

In 4:10 gebruik Paulus die bywoord “grootliks” en die voorsetselfrase “in die Here” om sy blydschap te kenne te gee oor die geleentheid wat die Filippense gekry het om aan hom te dink. Die beskrywings beklemtoon sy dankbaarheid vir dit wat hulle saam met Epaphroditus gestuur het tydens sy gevangenskap in Rome. Ten einde seker te maak dat hulle sy blydschap nie verkeerd verstaan nie, kwalifiseer hy dit met die stelling in 4:11: “Nie dat ek dit uit gebrek sê nie, want ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is”. Nadat hy die stelling in die stilisties ryke vers 12 verduidelik het, sluit hy af met die bekende: “Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee”.

Twee dinge is retories belangrik in 4:11-13. Die eerste is die inleidende “Nie dat”, wat in die antieke retoriek bekend gestaan het as *correctio*. Volgens Anderson (2000:71) is die tegniek gebruik om die gehoor meer gunstig te stem teenoor die spreker se argument, of om die regstelling uit te lig en by die gehoor in te prent. Dit is ’n kragtige retoriese middel, wat ook elders in Filippense (2:8; 3:12; 4:17) en ander briewe van Paulus (bv. Gal 1:6-7; 3:4; 4:8) gebruik word. Hier dien dit om sy vergenoegdheid uit te lig: dit wat die Filippense gestuur het is – as sodanig – nie die motief vir sy blydschap nie. Hy is vergenoeg in alle omstandighede en hulle moet goed begryp dat hy self nie hulle gawes nodig het nie.

Tweedens: die *klimaks* waarmee sy uiteensetting van wat hy onder vergenoegdheid verstaan, afgesluit word, is ook retories belangrik (4:13). Sy vergenoegdheid is nie selfgenoegsaamheid nie, maar Christus-genoegsaamheid. Deur hierdie stelling aan die einde van sy uiteensetting oor vergenoegdheid, d.w.s. in ’n beklemtoonde posisie, te plaas, word die bron van Paulus se vergenoegdheid uitgelig. Tegelyk is die stelling ’n voorbeeld van ’n *argument gebaseer op God se betrokkenheid*. Die argument word gebruik om die Filippense te verseker van die onveranderlike bron en waarborg van die apostel se vergenoegdheid. Dus: wat hulle gegee het was (of behoort te wees) vir ’n ander doel as sy eie behoeftes, nl. vir die bevordering van die Evangelie.

Al het Paulus self nie iets nodig nie, het die Filippense “nogtans goed gedoen toe julle deel gehad het in my verdrukking” (4:14). Met die woorde word die danksegging van 4:14-16 ingelei, ’n danksegging wat gekenmerk word deur deelname aan Paulus se omstandighede en werk, waardeur hulle vriendskap hernu word. Volgens O’Brien (1991:527-528) is die woorde “julle het goed gedoen” in die Grieks ’n idiomatiese uitdrukking wat die naaste daaraan kom om te sê: Dankie!

Dat die voortgang van die evangelie – en nie enige persoonlike geskenk nie – die diepste grond van Paulus se danksegging in 4:10-20 vorm, is nogeens duidelik uit 4:17: “Nie dat ek die gawe soek nie, maar ek soek die vrug wat oorvloedig word op julle rekening”. Die werkwoord “soek” word twee keer gebruik vir beklemtoning. Die “Nie dat” is weer ’n voorbeeld van *correctio* en Schenk (1984:44-45) wys op die volgende ooreenkomste tussen die gebruik van die retoriese tegniek in 4:11-13 en 4:17:

- die eerste persoon enkelvoud in albei gedeeltes (“ek sê” en “ek soek”);
- die identiese inhoud van die ontkenings (“ek sê dit nie omdat ek self iets kortkom nie” en “ek soek nie julle gawe nie”);
- die positiewe korrektiewe wat volg op die ontkenings, ingelei deur “want” in 4:11b en “maar” in 4:17;
- die feit “dass beide Erläuterungspassagen mit einer Partizipialwendung enden, die offenbar auch inhaltlich als Höhepunkt auf einen Gottesbezug hinausläuft”.

Belangrik vir ons doel is weer die funksie van die *correctio* en die *klimaks* (“Höhepunkt”) in 4:17. Soos in 4:11 is die *correctio* gebruik om die regstelling uit te lig en by die lesers in te prent. Hier dien dit om te beklemtoon dat Paulus nie besorgd is oor enige persoonlike geskenk nie, maar net oor hulle groei in die geloof, oor die “accrual of ‘interest’ against their divine ‘account’”, soos Fee (1995:447) dit stel. Die geskenk wat Paulus ontvang het is die bewys dat die Filippense se geloof in Christus groei, en dit is die eintlike rede vir sy danksegging. Hy is dankbaar vir die voortgang van die evangelie in hulle lewe, vir die feit dat hulle die evangelie uitlewe.

Retories belangrik is ook die klimaktiese partisipium aan die einde van 4:17, soos Schenk in sy vergelyking met 4:11-13 uitgewys het. Die funksie daarvan is om te fokus op God se aktiwiteit in die lewe van die Filippense, en is dus nog ’n voorbeeld van ’n *argument gebaseer op God se betrokkenheid*: “It is God who increases the fruit, i.e., multiplies the compound interest to the Philippians’ account” (O’Brien 1991:537).

Paulus betuig nogeens sy dank met die tegniese uitdrukking “ek het alles ontvang” in vers 18. Die uitdrukking beteken: “Paid in full” (Vincent 1961:150; Silva 1988:238) en die twee werkwoorde wat volg (“ek het oorvloed” en “ek het dit volop”) intensiveer die “alles”. Die finale ontvang van hulle gawes is egter nie Paulus nie, maar God self. Deur hulle gawes te vergelyk met ’n offerande aan God, bedank hy hulle op die mees effektiewe wyse.

Retories belangrik is die plasing van die drie beskrywings aan die einde van vers 18: “’n lieflike geur, ’n aanneemlike offer, welgevallig voor God”. Deur dit in ’n klimaktiese posisie te plaas, en deur die gebruik van die retoriese tegniek bekend as *asyndeton*, beklemtoon Paulus die geestelike betekenis van die Filippense se gawes. Hulle word aan God gegee om sy saak, die saak van die evangelie, te bevorder.

In die res van die gedeelte (4:19-20) is nog twee sake van retoriese belang. Die eerste is die tekskritiese probleem rondom die werkwoord “vervul” in vers 19: Is dit ’n aoristus optatief (“mag my God vervul”) of ’n futurum indikatief (“my God sal vervul”)? Fee (1995:449) en Thurston & Ryan (2005:156) verkies die indikatief, terwyl Hawthorne (1983:208) en O’Brien 1991:545-546) argumenteer dat, selfs al is die werkwoordvorm in die indikatief, die vorm van die vers, die strekking daarvan, sodanig is dat dit as ’n gebed verstaan moet word. Schenk (1984:51-52) stel dit onomwonde dat dit ’n gebed is, met as motivering dat Paulus die frase “my God” slegs in gebede of gebedsberigte gebruik (Filem 4; 1 Kor 1:4; Fil 1:3; Rom 1:8).

Na my mening het Fee en Thurston & Ryan gelyk en moet die werkwoord as ’n futurum indikatief verstaan word. As motivering dien die retoriese funksie van 4:19 binne die konteks, dit is, die konteks van wedersydse vriendskap. In 4:15-16 bedank Paulus die Filippense deur hulle te herinner aan alles wat hulle reeds gegee het; hier in 4:19 verskuif die fokus na God, wat in sy

onmeetlike rykdom in al hulle behoeftes sal voorsien. Ten einde die Filippense op die mees effektiewe wyse te verseker dat sy God – as antwoord op hulle gawes – in al hulle behoeftes sal voorsien, word die futurum indikatief gebruik. God *sal* vir hulle voorsien, in reaksie op hulle gawes, die gawes wat dien as konkrete bewyse dat hulle saam stry vir die geloof van die evangelie.

In die doksologie van 4:20 word “my God” vervang met “ons God en Vader”. Die skuif van die eerste persoon enkelvoud na die eerste persoon meervoud is retories belangrik. Die funksie van die inklusiewe “ons” is om die Filippense te betrek by die lofprysing, om Paulus en sy lesers op dieselfde voet te bring. Hulle almal is betrokke by die lofprysing, omdat God, in reaksie op hulle uitlewing van die evangelie, in al hulle behoeftes sal voorsien.

5. KONKLUSIE

Die doel van die artikel was om ’n alternatiewe verklaring te bied vir die ongewone strekking van die danksegging in 4:10-20. In die artikel word die voorstel van Fee dat die danksegging aan die einde van die brief geplaas is om retoriese redes, gesteun. Paulus is ook opreg dankbaar vir die Filippense se gawes, soos blyk uit 4:10, 4:15-16 en 4:18.

Die ongewone strekking van die danksegging hang saam met die twee “Nie dat” gedeeltes in 4:11-13 en 4:17. Volgens Fee moet dit verstaan word binne die sosiologiese raamwerk van wedersydse vriendskap: deur die twee kwalifikasies ontken Paulus dat hulle vriendskap gebaseer is op nuttigheid. Hy is nie bly oor hulle gawes as sodanig nie, maar oor die groter realiteit wat dit verteenwoordig, nl. die tasbare bewys van hulle vriendskap en dus hulle deelname aan die werk van die evangelie.

In die artikel word ’n alternatiewe oplossing voorgestel. Die ongewone strekking word nie verklaar vanuit die sosiologiese raamwerk van vriendskap nie, maar hang saam met die retoriese situasie van die brief. Deur die retoriese tegnieke van o.a. *correctio* en *klimaks* te gebruik, beklemtoon Paulus dat alles wat die Filippense doen (ook die gawes wat hulle gee) slegs die beste belang van die Evangelie moet dien. Dit is die *een ding* waarom dit altyd vir hulle almal moet gaan: die uitlewing en bevordering van die Evangelie, op welke wyse ook al. So gesien, is dit wat hulle gegee het in pas met die hoofdoel van die brief: om die evangelie waardig te wandel deur saam te stry vir hulle gemeenskaplike geloof. En daarvoor is die apostel opreg dankbaar.

BIBLIOGRAFIE

- Anderson, RD 2000. *Glossary of Greek Rhetorical Terms Connected to Methods of Argumentation, Figures and Tropes from Anaximenes to Quintilian*. CBET 24. Leuven: Peeters.
- Brown, RE 1997. *An Introduction to the New Testament: Letter to the Philippians*. The Anchor Bible Reference Library. New York, London, Toronto, Sydney, Auckland; Doubleday.
- Capper, BJ 1993. “Paul’s Dispute with Philippi: Understanding Paul’s Argument in Phil 1-2 from his Thanks in 4:10-20”. In: *Theologische Zeitschrift* 49, 193-214.
- Fee, GP 1995. *Paul’s Letter to the Philippians*. The New International Commentary on the New Testament. Michigan, Grand Rapids: WB Eerdmans Publishing Company.
- Greijdanus, S 1962. *De brieven van de apostel Paulus aan de Efesiërs en de Philippenzen*. In: Korte Verklaring der Heilige Schrift. JH Kok NV Kampen.
- Hawthorne, GF 1983. *Philippians*. Word Biblical Commentary, Vol. 43. Waco, Texas: Word.
- Hendriksen, W 1962. *Philippians*. New Testament Commentary. Grand Rapids: Baker.
- Kittredge, CB 1996. “The Language of Obedience in the Pauline Tradition: Rhetorical Analysis and Historical Reconstruction of the Letters to the Philippians and to the Ephesians”. Th. D. proefskrif. Harvard University.
- Lightfoot, JB 1970. *St Paul’s Epistle to the Philippians*. Grand Rapids: Zondervan. Reprint.
- Marshall, P 1987. *Enmity in Corinth*. Tübingen: WUNT 2/23.

- Matter, HM 1976. *De Brief van Paulus aan de Philippenzen en de Brief aan Philemon*. Commentaar op het Nieuwe Testament. Kampen: JH Kok.
- Müller, JJ 1976. *The Epistles of Paul to the Philippians and Philemon*. The New Testament. Michigan, Grand Rapids: WB Eerdmans Publishing Company.
- Osiek, C 2000. *Philippians. Philemon*. Abingdon New Testament Commentaries. Nashville: Abingdon Press.
- O'Brien, PT 1991. *The Epistle to the Philippians*. Michigan, Grand Rapids: WB Eerdmans Publishing Company.
- Reed, JT 1997. *A Discourse Analysis of Philippians: Method and Rhetoric in the Debate over Literary Integrity*. JSNT Sup 136. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- Samplly, JP 1980. *Pauline Partnership in Christ: Christian Community and Commitment in Light of Roman Law*. Philadelphia: Fortress.
- Schenk, W 1984. *Die Philipperbrief des Paulus. Kommentar*. Stuttgart: W Kohlhammer.
- Silva, M 1988. *Philippians*. The Wycliffe Exegetical Commentary (Ed. K Barker). Chicago: Moody Press.
- Snyman, AH 2007. Philippians 4:10-23 from a rhetorical perspective. *Acta Theologica*, December 2007.
- Thurston, BB & Ryan, JM 2005. *Philippians and Philemon. Sacra Pagina Series*, Vol 10 (ed D J Harrington). Collegeville, Minnesota: Liturgical Press.
- Tolmie, DF 2005. *Persuading the Galatians*. A Text-Centred Rhetorical Analysis of a Pauline Letter. WUNT 2/190. Tübingen: Mohr Siebeck.
- Stowers, SK 1991. Friends and Enemies in the Politics of Heaven: Reading Theology in Philippians. In: *Pauline Theology*. Edited by J. M. Bassler. Minneapolis, 105-121.
- Tolmie, DF 2005. *Persuading the Galatians*. A Text-Centred Rhetorical Analysis of a Pauline Letter. WUNT 2/190. Tübingen: Mohr Siebeck.
- Vincent, MR 1961. *The Epistles to the Philippians and to Philemon*. A critical and exegetical commentary. Edinburgh: T&T Clark.
- White, LM 1990. Morality between Two Worlds: A Paradigm of Friendship in Philippians. In: *Greeks, Romans and Christians. Essays in Honor of Abraham J Malherbe*. Edited by D. L. Bach, E. Ferguson and W. A. Meeks. Minneapolis, 201-15.

TREFWOORDE

Retoriese situasie
Sosiologiese raamwerk
Funksionele benadering
Fil 4:10-20
Retoriese tegnieke
Pauliniese literatuur

KEY WORDS

Rhetorical situation
Sociological framework
Functional approach
Phil 4:10-20
Rhetorical techniques
Pauline literature

KONTAKBESONDERHEDE

Prof AH Snyman
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
9300 BLOEMFONTEIN
Tel (051) 4019111
E-pos: ahsnyman@absamail.co.za